Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, March 07, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

# Gebruik eerder dié soort trust

## Vruggebruik in 'n boedel? Raadpleeg tog 'n kundige

Ek het dié week twee navrae gekry van lesers oor die waarde van 'n vruggebruik in 'n boedel waar die oorledene die vruggebruiker was. So, kom ons gesels bietjie oor vruggebruike.

'n Vruggebruik, geskep in 'n testament, is 'n gewilde manier om vir byvoorbeeld 'n langslewende gade voorsiening te probeer maak. Gewoonlik word die eiendom bemaak aan die uiteindelike erfgenaam, byvoorbeeld 'n kind, met 'n lewenslange vruggebruik oor die eiendom aan byvoorbeeld die (oorlede) man se vrou.

'n Vruggebruik is 'n baie sterk reg, wat aan die vruggebruiker al die voordele van die eiendom bied, sonder dat sy (in ons voorbeeld) die eiendom self besit. Die waarde van die vruggebruik, in die geval waar die vruggebruik aan 'n gade bemaak word, is aftrekbaar vir boedelbelasting in die boedel van die oorledene.

Dit is juis hierdie waarde van 'n vruggebruik waarop ek vandag bietjie dieper wil ingaan. Om mee te begin moet ons eers kyk na die drie waardes ter sake. Daar is die volle waarde van die eiendom, sy normale markwaarde. En dan is daar die vruggebruikwaarde en die blote eiendomswaarde. Die twee saam is die volle waarde. Om die waarde van 'n vruggebruik te bereken, word die toekomstige waarde van die voordeel, gewoonlik teen 12% per jaar, oor die termyn van die vruggebruik gekapitaliseer.

### Hier is 'n voorbeeld

Kom ons sê die oorledene se vrou is nou 55 jaar oud. Die eiendom is 'n strandhuis en die waarde is R5 000 000. Die gekapitaliseerde vruggebruikwaarde vir die vrou is R4 580 178 en dit is aftrekbaar in haar man se boedel as 'n bemaking aan sy vrou. Die blote eiendomswaarde (vir die seun) is R419 822.

Maar dit is nie die einde nie. Kom ons sê 20 jaar later sterf die vrou. Dan het daardie vruggebruik wat dan beëindig, weer 'n waarde in haar boedel. Die seun kry mos nou die volle waarde van die eiendom, by die blote eiendomsreg wat hy reeds het, saam met die waarde van die vruggebruik wat sy ma gehad het.

Maar nou moet weer 'n som gedoen word. Nou word die waarde van die vruggebruik wat na die seun toe oorgaan, bereken volgens sy lewensverwagting. Dit is die waarde wat dan in die vrou se boedel opgeneem word as eiendom en vatbaar sal wees vir boedelbelasting.

Hier is die voorbeeld. Die strandhuis se waarde het intussen toegeneem en is dan R15 000 000. Die seun is nou 50 jaar oud. Doen ons die som, sien ons die waarde wat deur die vruggebruik in haar boedel val, is R13 566 834. (Daar is nog 'n tweede som wat gemaak moet word en dan kies 'n mens die laagste van die twee bedrae só verkry, maar in hierdie geval is die bedrag hier die laagste.)

### Om dit in 'n trust te sit

Maar nou, en dis waar die lesers se vrae inkom en dit is waar mense hul vingers kan verbrand as hulle nie behoorlike finansiële raad kry nie, die seun het intussen sy blote eiendomsreg na 'n trust toe oorgedra. Ek meen die argument daaragter was dat wanneer die ma te sterwe kom, kry die trust ook die vruggebruikwaarde en besit die trust dan die volle eiendom. Dit skep 'n probleem, want in die geval van 'n trust wat die blote eiendomsreg hou, is daar nie 'n lewensverwagting ter sprake nie. Die waarde van die vruggebruik wat beëindig word, moet oor 50 jaar bereken word. Met finansiële gevolge.

Die waarde van die vruggebruik wat beëindig is, is nou R14 580 178 net omdat dit na 'n trust toe oorgaan. Dit is R1 013 344 meer in die vrou se boedel vir boedelbelasting. Wees maar versigtig met vruggebruike skep in jou testament.

### Dalk eerder 'n testamentêre trust

Na my mening is 'n testamentêre trust in baie gevalle 'n sinvoller instrument as 'n vruggebruik, of ander beperkte reg. Hier is enkele voorbeelde.

■ 'n Testamentêre trust is buigsamer as 'n vruggebruik, of ander beperkte reg, en hou ook finansiële voordele in.

■ Die reg wat 'n begunstigde in 'n testamentêre trust gehad het, is nie eiendom in sy boedel ná sy dood, soos ek hierbo verduidelik nie. Dit kan dus nie boedelbelasting trek nie.

■ Daar rus 'n regsplig op 'n vruggebruiker om die eiendom waaroor die vruggebruik geskep is, in stand te hou. Daar is nie so 'n verpligting op 'n trustbegunstigde nie.

■ En dan inkomstebelasting. Sou die vruggebruiker oor byvoorbeeld 'n plaas of 'n woonhuis die eiendom verhuur vir inkomste, is die inkomste belasbaar in die hande van die vruggebruiker. 'n Trust daarenteen kan inkomste verdien en dit dan versprei tussen meer as een begunstigde en só die totale inkomstebelasting-las verminder.

My raad is om altyd 'n boedelbeplanning deur 'n kundige te laat doen voor jy 'n testament opstel en voor jy goed soos vruggebruike of ander beperkte regte skep.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.